DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Johannes 15:5*

20 Mei 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 8-2: 5 - 7 (13)	Sing vooraf	Ps. 105: 1, 5
Sing	Ps. 33: 2, 3	Sing	Ps. 146: 1, 8
	Ps. 51: 5		Sb. 2-4: 1, 3 (33)
	Ps. 115: 1, 7 - 9		Sb. 15-7: 5, 6 (43)
	Sb. 8-1: 1, 2 (14)		
Skriflesing	Esegiël 36:16-38	Skriflesing	Efesiërs 4:17 - 5:5 HK Sondag 33
Teks	Esegiël 36:22, 26-27, 32	Teks	Efesiërs 4:22-24
Tema	**Waarom God sy Gees in die gelowige gee**	Tema	**As jy Christus ken, is jy besig met ware bekering**
Katkisasie-opening: Psalm 119: 39			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor eerskomende **Dinsdag** om **09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons teedrinklokaal op DV **Vrydag, 1 Junie** vanaf **10h30 tot 14h00**. Smaaklike pannekoek en kerrie-en-rys word bedien. Heerlike konfyt en wit olifante sal ook te koop wees. Indien jy graag 'n bestelling wil plaas vir wegneem-ete, skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

Pryse: Kerrie-en-Rys R20 per porsie
Pannekoek R5 elk / R20 vir 5 pannekoeke

EVANGELISASIE

Daar sal DV **Saterdag, 2 Junie om 09h00** evangelisasie toerusting aangebied word by ons kerkgebou. Indien u belangstel om die geleentheid by die woon, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Die getalle word benodig vir die drukwerk van die nodige materiaal.
Kontakpersoon: ds. Coen Vrey

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle hoërskool lidmate en studente kom DV vanaand vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar by Gereformeerde Kerk Bellville-Oos se kerkgebou. Prediker 7:17-29 word behandel in bybelstudie. Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Antoinette Douglas wat klierkoors het en in die hospitaal was vir behandeling

OMGEWINGSAKE

Ons oordeel graag inkomstebederwers soos die rooikat, rooijakkals, treksprinkaan, rooibekvink, dorings en dissels as ondinge – ongediertes en onkruide. Hoogs suksesvolle skepsels wat met buitengewone dierewysheid die mens raad-op het om hul vervloekde (Gen 3:17) verskyning met 'n onbesoedelde lewenskuns te bestry. Dit versinnebeeld buitengewone konflik in 'n wankelende omgewing weens menslike onbedagsaamheid.
Getuig die gebruik van hierdie gebruiksname (selfs tot in verskeie Bybel vertalings) dat ons steeds nie - weens 'n gebrek aan kennis - na die onhoorbare stem van die skepping in ons ontdekkingsreis kan of wil luister nie?

Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem ***Psalm 19:4***

PAAS TOT PINKSTER

Die personeel en leerders van die Gereformeerde Laerskool Bellville nooi u hartlik uit na hul jaarlikse Paas tot Pinkster feesvieringe op DV **Maandag, 21 Mei 2018 om 10h00** by die Vrye Gereformeerde Kerk (h/v Frans Conradie en Stellenbergweg). Na die program sal koffie/tee en verversings bedien word, asook 'n muntlegging plaasvind.

SANDJIES

Die Sandjies kom DV **Saterdag, 2 Junie om 10h00** bymekaar in die kerkhuis. Ons gaan lekker saam speel en meer leer oor David & Goliat. Kontakpersoon: sr. Willina Cilliers

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Istelle Costerus**, Jorita Boneschans, Adeline Eiberg, Francis Eiberg, Jeanette Janse van Rensburg, Marika Momberg, Alma Mulder, Jannie Nijeboer
Woensdag (Kerkraad): Srs. **Nicolette Costerus**, Mariëtte Lombard, Corlise Tooth, Tillie Wüst
Volgende Sondag – Nagmaal: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete

VERGADERING

U word hartlik uitgenooi na die volgende vergadering op **Woensdag, 30 Mei** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Br. Peet van der Walt gaan ons toespreek oor *Omgewingsbewussyn in praktyk.* **Alle lidmate is welkom!**

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Pieter van Niekerk, Willie Swanepoel, Albert Mulder, **Riaan Janse van Rensburg**
Volgende week: Brs. Reinard Visser, Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Paul Swart

Ouderlinge
Vandag: Brs. Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp, Gustaaf Costerus
Volgende week: Brs. Ben Groot, Ben van der Walt, Daan Joubert, Guillaume Gerber

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Arno Loots, Tommie Venter
Volgende week: Brs. Cassie Bester, David Myburgh

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Mei: 28/05 Loevenstein
Junie: 18/06 Welgemoed (datum het verskuif)
Julie: 23/07 Oude Westhof, 30/07 Durbanville 1

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Diakonale Kas
By die deure:	Teologiese Studentekas	Instandhouding van eiendomme

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 27 Mei** tydens die oggenderediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.

Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraads-vergadering eerskomende Woensdag ingedien word.

Gemeente-ete
Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete volgende Sondag na die Nagmaal-erediens. Elke gesin bring asseblief 'n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief 'n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS
Kerkraad
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS
Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van ouderling of diaken, aan die skriba, oudl. Jacobus Venter, te gee.

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir s**r. Annie Rossier** gelukwens met haar **83ste** verjaarsdag!

Vandag	Heinrich Swanepoel
22/05	Sr. Jeany Groenewald Sr. Kotie Reynecke Elisabeth Smit (1 jaar)
25/05	Adam Jooste (8 jaar) Marilette Loots (6 jaar)
26/05	Sr. Annie Rossier

Ons vra God dat julle, deur al die wysheid wat die Gees gee,
tot volle kennis kan kom van wat sy wil is. *Kolossense 1:9*

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Jacobus Venter	072 618 8892
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org		https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za